2. That Kenneth Douglas Morkel be nominated in terms of section 50 (1) (a) of the Companies Act of 1973 as Liquidator for the aforegoing purposes and that subject to the subsequent confirmation of his appointment by the Master of the Supreme Court of S.A. Transvaal Provincial Division, under section 369 (1) of the said Act, such Liquidator be vested with all the powers and authorities conferred and allowed by the said Act.

3. That the said Liquidator be not required to furnish security in terms of section 371 (1) of the Companies Act for the due performance of his duties.

4. That in terms of section 422 (1) (b) of the Companies Act of 1973 the Liquidator of the Company be authorised when the Company has been wound up and dissolved to dispose of the books and papers of the Company by destroying them or procuring their destruction.

Kenneth Douglas Morkel, Liquidator, P.O. Box 8170, Johannesburg.

WATERFALL GARDENS (PROPRIETARY) LIMITED

VOLUNTARY WINDING UP

Notice is hereby given that pursuant to section 356 (2) (b) of the Companies Act, 1973, that at a general meeting of shareholders of the Company held on the 1st August 1988 the following special resolution was duly passed:

1. That the Company be and is hereby wound up voluntarily and that such winding up be a members voluntary winding up in accordance with the provisions of section 349 (b) of the Companies Act, 1973.

2. That Kenneth Douglas Morkel be nominated in terms of section 50 (1) (a) of the Companies Act of 1973 as Liquidator for the aforegoing purposes and that subject to the subsequent confirmation of his appointment by the Master of the Supreme Court of S.A. Transvaal Provincial Division, under section 369 (1) of the said Act, such Liquidator be vested with all the powers and authorities conferred and allowed by the said Act.

3. That the said Liquidator be not required to furnish security in terms of section 371 (1) of the Companies Act for the due performance of his duties.

4. That in terms of section 422 (1) (b) of the Companies Act of 1973 the Liquidator of the Company be authorised when the Company has been wound up and dissolved to dispose of the books and papers of the Company by destroying them or procuring their destruction.

Kenneth Douglas Morkel, Liquidator, P.O. Box 8170, Johannesburg.

INSOMAGE HOLDINGS (PROPRIETARY) LIMITED

VOLUNTARY WINDING UP

Notice is hereby given that pursuant to section 356 (2) (b) of the Companies Act, 1973, that at a general meeting of shareholders of the Company held on the 1st August 1988 the following special resolution was duly passed:

1. That the Company be and is hereby wound up voluntarily and that such winding up be a members voluntary winding up in accordance with the provisions of section 349 (b) of the Companies Act, 1973.

2. That Kenneth Douglas Morkel be nominated in terms of section 50 (1) (a) of the Companies Act of 1973 as Liquidator for the aforegoing purposes and that subject to the subsequent confirmation of his appointment by the Master of the Supreme Court of S.A. Transvaal Provincial Division, under section 369 (1) of the said Act, such Liquidator be vested with all the powers and authorities conferred and allowed by the said Act.

3. That the said Liquidator be not required to furnish security in terms of section 371 (1) of the Companies Act for the due performance of his duties.

4. That in terms of section 422 (1) (b) of the Companies Act of 1973 the Liquidator of the Company be authorised when the Company has been wound up and dissolved to dispose of the books and papers of the Company by destroying them or procuring their destruction.

Kenneth Douglas Morkel, Liquidator, P.O. Box 8170, Johannesburg.

UTICO HOLDINGS LIMITED

REG. No. 04/02230/06

(Incorporated in the Republic of South Africa)

DECLARATION OF DIVIDEND

Notice is hereby given that Ordinary Dividend No. 228 of 40 cents per share has been declared payable to holders registered in the books of the company at the close of business on 9 September 1988.

For this purpose, the Ordinary Share Register of the company will be closed from 10 September 1988 to 18 September 1988, both days inclusive.

Dividend warrants will be posted to shareholders on or about 30 September 1988.

Non-Resident Shareholders' Tax will be deducted from the dividends of Shareholders whose registered addresses are outside the Republic of South Africa.

By Order of the Board.—H. P. Thomson, Group Secretary.

ANGLO AMERICAN INDUSTRIAL CORPORATION LIMITED

Registration No. 63/05282/06

(Incorporated in the Republic of South Africa)

DECLARATION OF DIVIDEND No. 14 ON THE 5,625 PER CENT CUMULATIVE FIRST PREFERENCE SHARES OF R2 EACH

CLOSING OF TRANSFER REGISTERS

For the purpose of effecting payment of Dividend No. 14 on the 5,625 per cent cumulative first preference shares which has been declared payable to the holders thereof registered on Friday, 16 September 1988, the preference share transfer registers and preference section of the register of members in the Republic of South Africa will be closed from Saturday, 17 September to Saturday, 1 October 1988, both days inclusive.

By Order of the Board.—Anglo American Corporation of South Africa Limited, Secretaries, per D. J. Alison, Divisional Secretary. Registered Office: 44 Main Street, Johannesburg, 2001; P.O. Box 61587, Marshalltown, 2107. Transfer Secretaries: Consolidated Share Registrars Limited, 1st Floor, Edura, 40 Commissioner Street, Johannesburg, 2001; P.O. Box 61051, Marshalltown, 2107.

ANGLO AMERICAN INDUSTRIAL CORPORATION LIMITED

Registration No. 63/05282/06

(Incorporated in the Republic of South Africa)

DECLARATION OF DIVIDEND No. 14 ON THE 12,375 PER CENT CUMULATIVE REDEEMABLE SECOND PREFERENCE SHARES OF R1 EACH AND PARTIAL REDEMPTION

CLOSING OF TRANSFER REGISTERS

For the purpose of effecting payment of Dividend No. 14 on the 12,375 per cent cumulative redeemable second preference shares which has been declared payable to the holders thereof registered on Friday, 14 October 1988 and partial redemption of one-quarter of these shares, the preference share transfer registers and preference section of the register of members in the Republic of South Africa will be closed from Saturday, 15 October to Saturday, 29 October 1988, both days inclusive.

By Order of the Board.—Anglo American Corporation of South Africa Limited, Secretaries, per D. J. Alison, Divisional Secretary. Registered Office: 44 Main Street, Johannesburg, 2001; P.O. Box 61587, Marshalltown, 2107. Transfer Secretaries: Consolidated Share Registrars Limited, 1st Floor, Edura, 40 Commissioner Street, Johannesburg, 2001; P.O. Box 61051, Marshalltown, 2107.

ANGLO AMERICAN INDUSTRIAL CORPORATION LIMITED

Registration No. 63/05282/06

(Incorporated in the Republic of South Africa)

DIVIDEND No. 49

CLOSING OF TRANSFER REGISTERS

For the purpose of effecting payment of Dividend No. 49 on the ordinary shares which has been declared payable to shareholders registered on Friday, 16 September 1988, the ordinary transfer registers and the ordinary section of register of members in the Republic of South Africa will be closed from Saturday, 17 September to Saturday, 1 October 1988, both days inclusive.

By Order of the Board.—Anglo American Corporation of South Africa Limited, Secretaries, per D. J. Alison, Divisional Secretary. Registered office: 44 Main Street, Johannesburg, 2001; P.O. Box 61587, Marshalltown, 2107. Transfer Secretaries: Consolidated Share Registrars Limited, 1st Floor, Edura, 40 Commissioner Street, Johannesburg, 2001; P.O. Box 61051, Marshalltown, 2107.

LYONS CORNER (PTY) LTD

REGISTRATION No. 64/07754/07

(IN VOLUNTARY LIQUIDATION)

Notice is hereby given that at an Extraordinary General Meeting of Shareholders held on the 9th August 1988 it was resolved that the Company be wound up voluntarily as a members voluntary winding-up and that Harold Zinman of Republiek Trustees (Pty) Ltd, P.O. Box 2186, Johannesburg, be appointed Liquidator for the purpose of winding-up the affairs and distributing the assets of the Company.

H. Zinman, for Republiek Trustees (Pty) Ltd, P.O. Box 2186, Johannesburg, 2000, 24 August 1988.

FONTEGO INVESTMENT AND TRUST COMPANY (PTY) LTD

Voluntary winding up

Notice is hereby given in terms of sections 349 (b) and 356 (1) (a) of the Companies Act of 1973, as amended, that at a general meeting of shareholders held at Vereeniging on the 24th May 1988 the following resolutions were passed as special resolutions:

1. That the Company be wound up voluntary by its members.

2. That Hendrik Pieter Vermaak, attorney of Vereeniging is hereby nominated as liquidator, and that he shall not be required to furnish any security to the Master.

3. That the remuneration of the liquidator is, in terms of section 384 (1) of the Act, determined to be the sum of R500,00.

De Klerk, Vermaak & Partners Incorporated, P.O. Box 338, Vereeniging.

AVBOB MUTUAL ASSURANCE SOCIETY

NOTICE TO MEMBERS

Notice is hereby given in terms of regulation 48 of the Society that two vacancies will occur in the board of directors at the next ordinary general meeting by reason of the retirement in terms of regulation 44 of Dr Marthinus David Marais and Pieter Mornay Vivier. Both are eligible for re-election.

Nominations of candidates, submitted in writing in accordance with the provisions of Regulation 47, will be received at the head office of the Society, 216 Princes Park Avenue, Pretoria, until 11h00 on 16 September 1988.

J. J. F. Nel, Secretary.

MOUNT SHERIDAN (PTY) LIMITED

NOTICE OF SPECIAL RESOLUTION TO WIND UP VOLUNTARY

Notice is hereby given in terms of section 356 (2) (b) of the Companies Act, 1973, as amended, that at a general meeting of shareholders held on the 20th July 1988, a special resolution was passed placing the company into voluntary liquidation.

Philip Wardel Moorrees Reynolds, Liquidator, Arthur Young Trust & Management Company (Pty) Limited, P.O. Box 3398, Johannesburg, 2000.

JOHANNESBURG CONSOLIDATED INVESTMENT COMPANY, LIMITED

Registration No. 01/00429/06

(Incorporated in the Republic of South Africa)

FINAL DIVIDEND

A final dividend of 1 150 cents per share has been declared payable to ordinary shareholders registered in the books of the Company at the close of business on 16 September 1988. The share transfer books and register of members will be closed from 17 to 23 September 1988, both days inclusive.

By Order of the Board.—M. J. Meyer, Secretary, Consolidated Building, corner Fox and Harrison Streets, Johannesburg, 2001, 23 August 1988.

FRASERS LIMITED

CLOSURE OF TRANSFER BOOKS

Notice is hereby given that the Register and the Transfer Books in respect of the 11,1 % Redeemable Debentures will be closed from 10 September 1988 to 18 September 1988, both days inclusive, for the purpose of compiling a list of holders of the Redeemable Debentures registered on 9 September 1988 in respect of the 6 (six) month period ending 30 September 1988.

By Order of the Board.—B. C. Cragg, Secretary, for Frasers Limited, 18th Floor, Glencairn, 73 Market Street, Johannesburg. Transfer Secretaries: Fraser Street Registrars (Pty) Ltd, 10 Fraser Street, Johannesburg; P.O. Box 61178, Marshalltown, 2107.

FRASERS LIMITED

CLOSURE OF TRANSFER BOOKS

Notice is hereby given that the Register and the Transfer Books in respect of the 13,7 % Subordinated Debentures will be closed from 10 September 1988 to 18 September 1988, both days inclusive, for the purpose of compiling a list of holders of the Subordinated Debentures registered on 9 September 1988 in respect of the 6 (six) month period ending 30 September 1988.

By Order of the Board.—B.C. Cragg, Secretary, for Frasers Limited, 18th Floor, Glencairn, 73 Market Street, Johannesburg. Transfer Secretaries: Fraser Street Registrars (Pty) Ltd, 10 Fraser Street, Johannesburg; P.O. Box 61178, Marshalltown, 2107.

STP CORPORATION (SOUTH AFRICA) (PROPRIETARY) LIMITED

(No. 72/00167)

NOTICE OF VOLUNTARY WINDING-UP

Notice is hereby given that the Company has passed a Special Resolution for its voluntary winding-up and for the appointment of **Hendrik Petrus Jakobus Pretorius** as Liquidator, he being exempted from furnishing security for the performance of his duties in such office.

Hendrik Petrus Jakobus Pretorius, c/o Edward Nathan & Friedland Incorporated, 23 Floor, Sanlamsentrum, Jeppe Street, Johannesburg, 2001.

ONDERLINGE VERSEKERINGSGENOOTSKAP AVBOB

KENNISGEWING AAN LEDE

Ingevolge regulasie 48 van die Genootskap word hiermee kennis gegee dat twee vakatures in die direksie by die eersvolgende algemene vergadering sal ontstaan weens die aftrede ingevolge regulasie 44 van dr Marthinus David Marais en Pieter Mornay Vivier. Albei is beskikbaar vir herverkiesing.

Skriftelike nominasies vir kandidate gedoen ooreenkomstig die bepalings van regulasie 47 sal by die hoofkantoor van die Genootskap, Prinseparklaan 216, Pretoria, ontvang word tot 11h00 op 16 September 1988.

J. J. F. Nel, Sekretaris.

FEDERALE VOLKSBELEGGINGS BEPERK

(Registration number 05/14041/06)

DECLARATION OF PREFERENCE DIVIDENDS

Notice is hereby given that the following preference dividends have been declared for the period 1 April 1988 to 30 September 1988:

—6,5 cent per 6,5 % "E" cumulative preference share.

—23,75 cent per 47,5 cent-dividend convertible cumulative preference share.

The above dividends have been declared to shareholders registered in the books of the company on 16 September 1988. Non-resident shareholders' tax at a rate of 15 % will, where applicable, be deducted from dividends.

Cheques in payment of the above amounts will be posted on 28 September 1988.

By Order of the Board.—D. W. J. van Vuuren, Secretary. Registered Office: 2715 Sanlamsentrum, 208 Jeppe Street, Johannesburg, 2001; P.O. Box 2911, Johannesburg, 2000. Transfer Secretaries: Central Registrars Limited, 154 Market Street, Johannesburg, 2001; P.O. Box 4844, Johannesburg, 2000.

Directors: C. J. F. Human (Chairman), I. J. Moolman (Managing), A. S. Barnes, M. H. Daling, D. P. de Villiers, F. J. du Plessis, J. C. du Toit, D. N. A. Hunt-Davis, M. M. Katz, F. J. H. Le Riche, J. G. H. Loubser, B. T. O'Donnell, N. J. Organ, W. S. Pretorius, P. J. J. van der Walt.

ANGLOVAAL GROUP

GROUP COMPANIES CLOSING OF TRANSFER BOOKS AND REGISTERS OF MEMBERS

Notice is hereby given that the transfer books and registers of members of the following companies will be closed for the periods stated for the purpose of determining those persons entitled to attend the annual general meeting of members thereof.

Name of company	Period of closing of transfer books and registers of members (both days inclusive) 1988
Anglovaal Holdings Limited	27 October–4 November
Anglovaal Limited	27 October–4 November
Anglovaal Industries Limited	28 October–3 November
TW Beckett and Company Limited	28 September–4 October
Claude Neon Lights (SA) Limited	28 September–4 October
Consolidated Murchison Limited	11–17 October
Consol Limited	28 September–4 October
Eastern Transvaal Consolidated Mines, Limited	13–19 October
Globe Engineering Works Limited	14–20 October
Grinaker Holdings Limited	10–14 October
Hartebeestfontein Gold Mining Company Limited	13–19 October
Irvin & Johnson Limited	17–21 October
Middle Witwatersrand (Western Areas) Limited	11–17 October
Pleasure Foods Limited	6–12 October
Siltek Limited	5–11 October

Name of company	Period of closing of transfer books and registers of members (both days inclusive) 1988
South Atlantic Corporation Limited	28 October–3 November
Steelmetals Limited	28 September–4 October
Village Main Reef Gold Mining Company (1934) Limited	13–19 October
Zandpan Gold Mining Company Limited	13–19 October

By Order of the Boards.—E. G. D. Gordon, per Anglovaal Limited, Secretaries/Transfer Secretaries, Johannesburg, 2 September 1988.

SUID-AFRIKAANSE PERMANENTE BOUVERENIGING

("die Perm")

(Reg. No. 51/00009/06)

Kennisgewing van 'n spesiale algemene vergadering van aandeelhouers met betrekking tot die samesmelting van die Perm en Nedbank Beperk.

Direkteure

G. A. Macmillan (Voorsitter), A. F. V. Viljoen (Vise-voorsitter), C. S. Adcock, Dr. G. W. G. Browne, M. G. Crosoer, R. J. Goss, prof. O. P. F. Horwood, B. M. Kemmey, Dr. J. J. Kitshoff, R. S. Lawrence, Dr. J. B. Maree, F. A. Sonn, R. S. K. Tucker, Dr. J. G. van der Horst, P. J. Watson.

Kennis geskied hiermee dat 'n spesiale algemene vergadering van lede van die Perm om 09h00 op Vrydag, 30 September 1988, by Permpark, Presslaan 1, Selby-uitbreiding 15, Johannesburg gehou sal word om die besluite wat in hierdie kennisgewing uiteengesit word, te oorweeg en, indien dit goedgevind word, dit met of sonder wysiging aan te neem.

1. **INLEIDING EN REDES**

Daar is op 9 Augustus 1988 aangekondig dat die direksies van die Perm, Nedbank-Groep Beperk (Reg. No. 66/10630/06) ("Nedbank-Groep"), en Nedbank Beperk 'n ooreenkoms bereik het om aan hulle onderskeie aandeelhouers voor te stel dat die besighede van die Perm en Nedbank Beperk saamsmelt om NedPerm Bank Beperk te vorm.

Die Perm doen as 'n onderlinge bouvereniging sake en het 'n baie groot kleinhandelskliëntbasis gevestig wat op huislenings en spaargeld toegespits is.

Gedurende Julie 1988 het Nedbank Beperk die Perm genader met die oog op 'n samesmelting, wat die direksie van die Perm besluit het om aan te beveel.

Voordat die direkteure van die Perm besluit het om hierdie aanbeveling te doen, het hulle die alternatiewe baie noukeurig oorweeg. Dié alternatiewe was dat die Perm 'n onderlinge bouvereniging bly of in 'n ekwiteitsbouvereniging omskep word. As gevolg van die beleid van die owerheid en die gevolglike wetgewing is die Perm toenemend belemmer deur sy status as onderlinge bouvereniging wat sy finansiële dienste en groei beperk het. Die potensiële voordele aan aandeelhouers van 'n omskepping in 'n ekwiteitsbouvereniging is met inagneming van onder andere die huidige omstandighede op Die Johannesburgse Effektebeurs as beperk beskou.

Die samesmeltingsvoorstel hou egter beduidende voordele vir die Perm-aandeelhouers, die Perm, en Nedbank-Groep in:

—die naam Nedbank Beperk sal na NedPerm Bank Beperk ("NedPerm") verander word;

—die Perm kwalifiserende aandeelhouers sal vergoeding ten bedrae van R180 miljoen ontvang;

—die bates en laste van die Perm sal na NedPerm oorgedra word, maar die Perm sal sy identiteit in NedPerm behou en hom steeds daaraan wy om aan sy baie groot kleinhandelskliëntbasis diens te lewer deur hom op huislenings en die mobilisering van spaargeld toe te spits;

—die Perm sal daarbenewens aan hierdie kliënte gediversifiseerde produkte en dienste kan lewer deurdat hy tot die bestuur en tegnologie van die Nedbank-Groep toegang sal hê sonder om deur wetgewing daarvan weerhou te word;

—die Nedbank-Groep sal die voordeel van die Perm se tak- en agentskapsnetwerk geniet en onmiddellik die grootste huisleningsportefeulje onder die banke vestig;

—die Nedbank-afdeling en die Perm-afdeling van NedPerm sal hulle werksaamhede op 'n aantal beduidende maniere kan rasionaliseer—Nedbank Beperk sowel as die Perm gebruik byvoorbeeld soortgelyke elektroniese en rekenaartoerusting.

Die Wet verlang dat die oordragooreenkoms en die vergoedingsbepalings wat daarin begrepe is, deur middel van spesiale besluite van die Perm sowel as Nedbank Beperk goedgekeur word.

Met hierdie omsenbrief word die nodige vergadering van die Perm belê om die nodige besluite en 'n besluit waarmee die reëls van die Perm verander word om die reëlings vir die oordrag van die bates en laste en die betaling van die vergoeding te vergemaklik, te oorweeg en, indien dit goedgevind word, aan te neem.

Die Registrateur van Bouverenigings het sy skriftelike toestemming gegee tot die implementering van die oordragooreenkoms (wat ook onderworpe is daaraan dat die nodige goedkeuring van die aandeelhouers van die Perm, Nedbank-Groep, en Nedbank Beperk verkry word) en die besluite hieronder om die reëls van die Perm te wysig informeel goedgekeur.

2. **DEFINISIES**

Woorde en frases wat in Bylae 1 gedefinieer word, het dieselfde betekenisse in hierdie kennisgewing van 'n vergadering.

3. **BEPALINGS VAN DIE OORDRAGOOREENKOMS**

Vir 'n volledige begrip van die bepalings van die oordragooreenkoms en die vergoeding wat ingevolge daarvan betaalbaar is, word aandeelhouers verwys na Bylae 1 hierby wat deel van hierdie kennisgewing uitmaak.

4. **UITWERKING VAN DIE OORDRAGOOREENKOMS OP AANDEELHOUERS**

Alle aandeelhouers van die Perm behou hulle beleggings soos daar hieronder verduidelik word. Daarbenewens is die "kwalifiserende aandeelhouers" op vergoeding geregtig.

4.1 **Kwalifiserende aandeelhouers**

Nedbank-Groep sal vergoeding van altesame R180 miljoen betaal volgens die bepalings en voorwaardes wat in Bylae 1 uiteengesit word, en die vergoeding sal onder alle kwalifiserende aandeelhouers verdeel word.

Kwalifiserende aandeelhouers wat kwalifiserende aandele ter waarde van R10 000 of meer hou (spesifiek dié wat in Bylae 1 as "delende aandeelhouers" gedefinieer word), kan kies om Nedbank-Groep-aandele te ontvang, soos volledig in Bylae 1 uiteengesit word.

Die vergoeding in kontant sal na verwagting gekrediteer of gestuur word, en die uitreiking van die Nedbank-Groep-aandele sal na verwagting plaasvind, op Woensdag, 30 November 1988, maar—indien daar enige verandering in die vereffeningsdatum is—sal dié datum in die Staatskoerant gepubliseer word.

Bowendien, indien die kwalifiserende aandeelhouers die kwalifiserende aandele nie bly hou nie tot op die ontbindingsdatum, wat na verwagting 31 Maart 1989 gaan wees, sal die vergoeding wat betaal is, teenoor NedPerm verbeur word.

Na die aanvaarding deur kwalifiserende aandeelhouers van die vergoeding wat verskuldig is, sal daar geag word dat kwalifiserende aandeelhouers volmag verleen het aan die gemagtigde Perm-personeel om die aflossingsdatum van dié vastetermyn opbetaalde aandele na die ontbindingsdatum te verskuif en sal daar geag word dat alle bestaande mandate onttrek is, tensy dit spesifiek en skriftelik deur die betrokke aandeelhouer herstel word. Met hierdie mandaat word daar beoog om die behoud van aandele te vergemaklik om die verbeuring te vermy waarna daar hierbo verwys word.

Indien die opskortende voorwaardes van die ooreenkoms misluk of indien die ontbindende voorwaardes nie nagekom word nie, is enige vergoeding wat uitbetaal is, aan Nedbank-Groep terugbetaalbaar.

Die Perm het hom as borg vir die terugbetaling van dié vergoeding aan Nedbank-Groep verbind. Om die potensiële eis te sekureer sal alle aandele en deposito's van kwalifiserende aandeelhouers wat vergoeding ontvang het, onderworpe wees aan die retensiereg soos dit in Reël 16.13, soos gewysig, van die Perm uiteengesit word.

Indien die bepalings van die borgstelling en retensiereg toegepas word, sal die Perm terugbetaling aan Nedbank-Groep doen in sy hoedanigheid van borg vir kwalifiserende aandeelhouers wat vergoeding ontvang het, en die bedrae wat so betaal is, verhaal deur die rekenings van die kwalifiserende aandeelhouers te debiteer.

4.2 **Op beleggings in Perm aandele**

Elke aandelebesit in die Perm sal ten volle deur die aandeelhouers van die Perm behou word, behoudens dat so 'n aandelebesit met ingang van die ontbindingsdatum 'n vaste deposito by NedPerm sal word. So 'n vaste deposito sal onderworpe wees aan dieselfde bepalings en voorwaardes, met inbegrip van dié met betrekking tot die opbrengskoers en terugbetaling wat dan van toepassing is op die aandelebeleggings waaruit dit spruit, behoudens dat, aangesien dit nie meer aandele in die Perm sal wees nie, dit geen stemreg sal verleen nie.

—In die geval van vastetermyn opbetaalde aandele sal die vaste deposito's wat daaruit ontstaan, terugbetaalbaar wees op die aflossingsdatum wat op die sertifikaat aangegee word, waar so 'n aflossingsdatum op of na die ontbindingsdatum val. Die Perm is gemagtig om die aflossingstydperk ten opsigte van kwalifiserende aandele te verleng om die regte op vergoeding te bewaar.

—Vaste deposito's wat uit subskripsie-aandele ontstaan, sal terugbetaalbaar wees op die vervaldatums van die subskripsie-aandele waaruit dit ontstaan. Alle subskripsie-aandelekontrakte wat voor die implementeringsdatum aangegaan word, sal voltooi word, en die belastingvoordeel wat van tyd tot tyd ingevolge die Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962 (soos gewysig) ("die Inkomstebelastingwet"), geniet word, sal ten opsigte van alle subskripsies ingevolge dié kontrakte voortduur.

—Vaste deposito's wat uit onbepaaldetermyn opbetaalde aandele en spesiale-uitgifte-aandele ontstaan, sal in ooreenstemming met die aanvanklike uitgiftebepalings van die onbepaaldetermyn opbetaalde aandele en spesiale-uitgifte-aandele aflosbaar wees.

5. **UITWERKING OP DIE PERM**

Die Perm sal, soos tans die geval is, tot op die ontbindingsdatum as 'n bouvereniging bedrywig bly. Op die ontbindingsdatum sal daar geag word dat die Perm by wet ontbind en sy registrasie gekanselleer is. Die Perm-besigheid sal egter voortgaan as die Perm-afdeling van NedPerm, wat vir alle praktiese en regsdoeleindes die Perm vervang, en alle wettige regte en verbintenisse sal ongewysig bly.

6. **BELASTINGIMPLIKASIES**

Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste het in beginsel ingestem dat die vergoeding wat aan die Perm kwalifiserende aandeelhouers toegeken gaan word, as 'n kapitaalontvangs in die hande van die ontvanger beskou sal word, en die vergoeding sal dus nie aan belasting onderworpe wees nie.

Waar belastingvoordele geniet word ten opsigte van dividende wat op aandele in die Perm betaal word, sal dié voordele, van tyd tot tyd onderworpe aan die bepalings van die Inkomstebelastingwet, steeds van toepassing wees op die opbrengs wat betaal word op NedPerm vaste deposito's waarin dié aandele omskep word. Daar word egter verwag dat wetgewing aangeneem sal word waarmee die belastingvoordele uitgefaseer sal word vir alle bouverenigingaandele en vaste deposito's waarin dit omskep word.

7. **MENINGS EN AANBEVELINGS**

7.1 Sekere direkteure van die Perm, wat ook van Nedbank Beperk direkteure is of wat ook direkteure is van, of 'n belang het in, Nedbank-Groep, het om dié rede nie die vergadering wat die oordragooreenkoms oorweeg het, bygewoon of daarop gestem nie. Die oorblywende direkteure van die Perm is eenparig van mening dat die bepalings en voorwaardes van die oordragskema billik en redelik is en beveel aan dat aandeelhouers stem ten gunste van die besluite wat vir die implementering daarvan nodig is.

7.2 Die bepalings van die samesmelting is oorweeg deur Corporate Aksepbank Beperk, wat van mening is dat die bepalings billik en redelik teenoor die aandeelhouers van die Perm is.

8. **BESLUITE**

Die doel van die vergadering wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing belê word, is om die volgende besluite te oorweeg en, indien dit goedgevind word, dit met of sonder wysiging aan te neem:

Besluit nommer 1 as 'n spesiale besluit

"Die Vereniging bevestig hiermee die oordrag van die bates en laste ingevolge die oordragooreenkoms tussen die Vereniging, Nedbank-Groep Beperk, en Nedbank Beperk gedateer 24 Augustus 1988, wat Bylae 1 is by die kennisgewing van die vergadering waarmee die spesiale algemene vergadering belê word waarop hierdie besluit oorweeg gaan word, en 'n afskrif van dié oordragooreenkoms is met die oog op identifikasie deur die voorsitter geparafeer".

Besluit nommer 2 as 'n spesiale besluit

"Die Vereniging keur hiermee goed die vergoedingsaanbod wat begrepe is in die oordragooreenkoms waarna daar verwys word in spesiale besluit nommer 1 wat oorweeg is op die spesiale algemene vergadering waarop hierdie spesiale besluit besluit nommer 2 is".

Besluit nommer 3 as 'n besluit ooreenkomstig Reël 19.3 van die Vereniging

"Die reëls van die Vereniging is en word hiermee op die volgende manier gewysig:

—Reël 15.9.1 is en word hiermee gewysig deur die byvoeging van die volgende woorde:

"Ondanks strydige bepalings in hierdie reëls na die nakoming van die opskortende voorwaardes van 'n sekere ooreenkoms wat tussen die Vereniging, Nedbank-Groep Beperk, en Nedbank Beperk gedateer 24 Augustus 1988 aangegaan is en wat onder andere op die oordrag van die bates en laste van die Vereniging aan Nedbank Beperk betrekking het, en tot die ontbindingsdatum waarna daar in dié ooreenkoms verwys word, of die datum waarop dié ooreenkoms misluk as gevolg van die mislukking van 'n opskortende voorwaarde van daardie ooreenkoms of as gevolg daarvan dat enige ontbindende voorwaarde van dié ooreenkoms nie nagekom word nie, wat ook al die vroegste is, mag geen besluit op enige vergadering van lede van die Vereniging sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van Nedbank Beperk voorgestel of aangeneem word nie".

—Reël 16.5.2 is en word hiermee gewysig deur die byvoeging van die woorde:

"Om twyfel uit die weg te ruim is die bepalings van hierdie reël van toepassing op enige vergoeding wat by die oordrag van die bates en laste van die Vereniging aan 'n lid betaalbaar is".

—Reël 16.13 is en word hiermee as volg gewysig deur die byvoeging van 'n verdere (ongenommerde) paragraaf:

"In die besonder en sonder om die wye omvang van die voorgaande in te kort, word die bepalings van hierdie Reël 16.13 (en gevolglik die Vereniging se retensiereg en reg op verrekening waarna daar hierin verwys word) uitgebrei om enige skuld te dek van 'n lid van die Vereniging ten opsigte van enige waarborg, borgstelling of ander bemiddelingshandeling deur die Vereniging ten opsigte van enige skuld van die lid, met inbegrip van in die besonder (maar sonder beperking) skuld wat ontstaan uit die terugbetaling deur die Vereniging (in sy hoedanigheid van agent of borg vir die lid) van vergoeding wat aan die lid betaal is, in die geval van die mislukking van enige ooreenkoms ten opsigte van die oordrag van bates en laste van die Vereniging en betaling van vergoeding aan die lede ten opsigte daarvan".

9. **ALGEMENE INLIGTING**

Die volgende inligting word vir die gerief van lede verstrek:

9.1 'n "Lid" of "aandeelhouer" van die Vereniging is 'n persoon (met inbegrip van 'n regspersoon) op wie se naam aandele in die Vereniging geregistreer is, of dié aandele in die Vereniging geregistreer is, of dié aandele volopbetaal of gedeeltelik opbetaal is en of dié aandele as sekuriteit, vir 'n voorskot of 'n lening, aan die Vereniging verpand is al dan nie.

9.2 Enige lid van die Vereniging mag die spesiale algemene vergadering wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing belê word, bywoon, daarop praat, en daarop stem.

9.3 Enige lid mag 'n gevolmagtigde aanstel, wat egter 'n persoon *moet* wees wat geregtig is om in eie reg die vergadering by te woon en daarop te stem.

9.4 Geen persoon, behalwe 'n direkteur van die Vereniging, mag volmagte vir meer as 10 (tien) lede hou nie.

9.5 'n Lid wat verlang om 'n gevolmagtigde aan te stel—

9.5.1 mag enige volmagvorm gebruik, met dien verstande dat die vorm wat gebruik word, verstaanbaar is, behoorlik ingevul is, en uiterlik by kantoorsluiting op Donderdag, 22 September 1988, by die hoofkantoor van die Vereniging, Permpark, Presslaan 1, Selby-uitbreiding 15, Johannesburg, ingedien word;

9.5.2 moet, afgesien van enige volmagte wat voorheen by die Vereniging ingedien is, 'n nuwe volmagvorm indien ten opsigte van die spesiale algemene vergadering wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing belê word, aangesien geen volmag vir meer as 1 (een) vergadering en enige verdaging daarvan geldig is nie.

9.6 'n Lid van die Vereniging is geregtig om by handopsteking 1 (een) stem uit te oefen en by 'n stemming met stembriefies 1 (een) stem uit te oefen vir elke voltooide R10,00 (tien rand) wat op Vrydag, 2 September 1988—te wete die dag waarop hierdie kennisgewing van 'n vergadering gepubliseer is—ten opsigte van aandele in die boeke van die Vereniging in sy krediet staan.

Op Las van die Raad.—D. S. Stevens, Sekretaris.

INHOUDSOPGAWE BYLAE 1

OOREENKOMS

NOMMER	KLOUSULE-OPSKRIF	BLADSY
1	PARTYE	1
2	VERTOLKING	1
3	VOORWAARDES	7
4	VERKRYGING	8
5	VERGOEDING	10
6	BESTUUR VAN DIE PERM	14
7	WYSIGING	15
8	KOSTE	16
NOMMER	BYLAE	
1	KWALIFISERENDE AANDEELHOUER	
2	WYSIGING VAN DIE PERM SE REËLS	

OOREENKOMS

1. **PARTYE**

1.1 Die partye tot hierdie ooreenkoms is—

1.1.1 Nedbank-Groep Beperk;

1.1.2 Nedbank Beperk; en

1.1.3 Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging.

1.2 Die partye kom ooreen soos hieronder uiteengesit.

2. **VERTOLKING**

2.1 In hierdie ooreenkoms, tensy dit teenstrydig is met, of andersins aangedui word deur, die verband, beteken—

2.1.1 "*die rekeningkundige datum*" 30 September 1988 en meer in die besonder kantoorsluiting op dié datum;

2.1.2 "*erkenning van vergoedingsrekordaanpassing*" 'n afskrif van 'n skriftelike aansoek wat by die Perm deur 'n aandeelhouer gedoen is om die aandeelhouer se vergoedingsrekords aan te pas om te weerspieël—

2.1.2.1 dat die aansoeker se aandele op die rekord- sowel as die rekeningkundige datum gehou is deur dieselfde persoon (of 'n persoon wat ooreenkomstig *Bylae 1* geag word dieselfde persoon te wees); of

2.1.2.2 dat daar op die aansoeker se aandele ingeskryf is (of dat daar ooreenkomstig *Bylae 1* geag word dat daar daarop ingeskryf is) uit die opbrengs van die aflossing van Perm-aandele wat op of na die rekorddatum en voor die rekeningkundige datum verval; of

2.1.2.3 die gekonsolideerde aandelebesit van 'n kwalifiserende aandeelhouer ingevolge KIL-nommers vir die doeleindes van 5.3 hieronder; of

2.1.2.4 dat die aansoeker se aandele wat op die rekeningkundige datum ingevolge 'n ander KIL-nommer gehou word as dié ingevolge waarvan dit op die rekorddatum gehou is, op albei datums deur dieselfde persoon gehou is;

en dié aansoek is by die Perm gedoen op 'n vorm wat met dié doel deur die Perm voorsien is, en is voor of op die rekeningkundige datum met 'n amptelike stempel van die Perm gestempel en onderteken deur 'n amptenaar van die Perm wat met dié doel deur die Perm benoem is;

2.1.3 "*die Wet*" die Wet op Onderlinge Bouverenigings, No. 24 van 1965, soos gewysig;

2.1.4 "*die/hierdie ooreenkoms*" hierdie ooreenkoms tesame met al die bylaes hierby;

2.1.5 "*die aankondigingsdatum*" 9 Augustus 1988 en meer in die besonder kantoorsluiting op dié datum;

2.1.6 "*die Bankwet*" die Bankwet, No. 23 van 1965, soos gewysig;

2.1.7 "*KIL-nommer*" 'n kliëntinligtingslêernommer wat in die Perm se rekenaarstelsel aan 'n aandeelhouer van die Perm toegewys is, terwyl daar opgeteken word dat meer as een KIL-nommer aan 'n besondere individu toegewys kan word;

2.1.8 "*die ontbindingsdatum*" 31 Maart 1989 of enige ander datum waarvoor die Perm en Nedbank Beperk skriftelik kan ooreenkom;

2.1.9 "*die effektiewe datum*", afgesien van die datum van die ondertekening van hierdie ooreenkoms of die datum van die registrasie van die besluite, 1 Oktober 1988 en meer in die besonder die aanvang van sake op dié datum;

2.1.10 "*Nedbank-Groep*" Nedbank-Groep Beperk, 'n maatskappy wat volgens die maatskappywette van die Republiek van Suid-Afrika met beperkte aanspreeklikheid geïnkorporeer is en hierin verteenwoordig word deur prof. O. P. F. Horwood en mnr. P. J. Liebenberg wat in hulle hoedanighede van onderskeidelik voorsitter en hoof uitvoerende beampte van Nedbank-Groep optree en behoorlik daartoe gemagtig is;

2.1.11 "*Nedbank-Groep-aandele*" gewone aandele met 'n pariwaarde van R1,00 (een rand) elk in die aandelekapitaal van Nedbank-Groep wat teen 'n premie van R5,00 (vyf rand) per aandeel uitgereik gaan word op die grondslag dat dit nie die houers daarvan geregtig sal maak om te deel in—

2.1.11.1 die einddividend wat ten opsigte van die finansiële jaar eindigende 30 September 1988 deur Nedbank-Groep verklaar gaan word; of

2.1.11.2 'n regte-aanbod wat in of omtrent in November 1988 deur Nedbank-Groep voorgestel gaan word om die betaling van vergoeding ooreenkomstig hierdie ooreenkoms te finansier.

2.1.12 "*Nedbank Beperk*" Nedbank Beperk, 'n maatskappy wat in ooreenstemming met die maatskappywette van die Republiek van Suid-Afrika met beperkte aanspreeklikheid geïnkorporeer is en 'n geregistreerde bank is wat hierin verteenwoordig word deur mnr. P. J. Liebenberg en mnr. C. F. Liebenberg wat in hulle hoedanighede van onderskeidelik besturende direkteur en senior hoofbestuurder van Nedbank Beperk optree en behoorlik daartoe gemagtig is;

2.1.13 "*NedPerm*" Nedbank Beperk onder sy veranderde naam NedPerm Bank Beperk, soos daar in hierdie ooreenkoms daarvoor voorsiening gemaak word;

2.1.14 "*delende aandeelhouer*" 'n aandeelhouer van die Perm wat uit hoofde van die bepalings van klousule 5.2 ingevolge hiervan geregtig is om te kies om 'n deel van die vergoeding wat ooreenkomstig hierdie ooreenkoms aan hom toeval, in Nedbank-Groep-aandele te ontvang;

2.1.15 "*die Perm*" die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging, 'n onderlinge bouvereniging wat ingevolge die Wet geïnkorporeer is en hierin verteenwoordig word deur mnr. A. F. V. Viljoen en mnr. R. S. K. Tucker, wat in hulle hoedanighede van onderskeidelik vise-voorsitter en besturende direkteur van die Perm optree en behoorlik daartoe gemagtig is;

2.1.16 "*Perm-aandele*" en sluit in enige enkele of meer as een of al die volgende klasse aandele in die Perm, naamlik—

2.1.16.1 vastetermyn opbetaalde aandele;

2.1.16.2 vastetermynsubskripsie-aandele;

2.1.16.3 onbepaaldetermyn opbetaalde aandele;

2.1.16.4 spesiale belastingvrye onbepaaldetermynaandele;

2.1.17 "*kwalifiserende aandeelhouer*" 'n persoon wat kwalifiserende aandele hou;

2.1.18 "*kwalifiserende aandele*" Perm-aandele wat—

2.1.18.1 soos op die rekeningkundige datum gehou word deur 'n individu wat in die Perm se huidige rekords as 'n inwoner van die Republiek van Suid-Afrika weerspieël word, of deur 'n regspersoon wat in die Republiek geïnkorporeer is; en

2.1.18.2 voor of op die rekorddatum aan 'n persoon uitgereik is en op die rekeningkundige datum deur dieselfde persoon gehou is (of 'n persoon wat ooreenkomstig *Bylae 1* geag word dieselfde persoon te wees); of

2.1.18.3 voor of op die rekorddatum uitgereik is en voor die rekeningkundige datum verval het, indien—in ooreenstemming met die Perm se standaard praktyk—die onopgeëiste saldo op die rekeningkundige datum steeds in krediet van die vervalle aandelerekening uitstaande was;

2.1.18.4 na die rekorddatum uitgereik is en daar daarop ingeskryf is (of daar ooreenkomstig *Bylae 1* geag word dat daar daarop ingeskryf is) uit die opbrengs van die aflossing van Perm-aandele wat op of na die rekorddatum en voor die rekeningkundige datum verval het, met dien verstande dat die Perm-aandele wat so uitgereik is, op die rekeningkundige datum deur dieselfde persoon gehou word (of 'n persoon wat ooreenkomstig *Bylae 1* geag word dieselfde persoon te wees) as die persoon wat die vervalle aandele op die rekorddatum gehou het;

met dien verstande dat, ondanks die voorgaande, aandele wat op die rekord- en die rekeningkundige datum ingevolge verskillende KIL-nommers gehou is, geag word nie kwalifiserende aandele te wees nie, tensy die aandeelhouer wat dit hou, in besit is van 'n erkenning van 'n vergoedingsrekord-aanpassing;

2.1.19 "*Registrateur*" die Registrateur of Adjunk-registrateur van Bouverenigings wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Bouverenigings, 1986, aangewys word;

2.1.20 "*rekorddatum*" 30 September 1987 en meer in die besonder kantoorsluiting op dié dag;

2.1.21 "*Republiek*" die Republiek van Suid-Afrika en sluit die gebied van Suidwes-Afrika in;

2.1.22 "*die besluite*"—

2.1.22.1 wat Nedbank Beperk betref, die spesiale besluite wat ooreenkomstig artikels 55 (3) (c) en 55 (14) van die Wet verlang word; en

2.1.22.2 wat die Perm betref—

2.1.22.2.1 die spesiale besluite wat deur artikels 55 (3) (c) en 55 (14) van die Wet verlang word; en

2.1.22.2.2 die besluite om die reëls van die Perm te wysig, soos in *Bylae 2* by hierdie ooreenkoms daarvoor voorsiening gemaak word;

2.1.23 "*aandelebesit*" 'n besit van enige een of meer van die klasse Perm-aandele;

2.1.24 enige verwysing na die enkelvoud sluit die meervoud in, en omgekeerd;

2.1.25 enige verwysing na natuurlike persone sluit regspersone in, en omgekeerd;

2.1.26 enige verwysing na geslag sluit die ander geslagte in.

2.2 Enige uitdrukking wat verwant is aan 'n uitdrukking wat hierbo gedefinieer word, het die ooreenstemmende betekenis.

2.3 Die klousule-opskrifte in hierdie ooreenkoms is slegs gerieflikheidshalwe ingevoeg, en word nie by die vertolking van hierdie ooreenkoms in ag geneem nie.

2.4 Woorde en uitdrukkings wat in enige subklousule gedefinieer word, het vir die doeleindes van die klousule waarvan daardie subklousule deel uitmaak, die betekenis wat in dié subklousule aan dié woorde en uitdrukkings toegeken word.

2.5 Hierdie ooreenkoms word gereël deur, en uitgelê en vertolk in ooreenstemming met, die wette van die Republiek van Suid-Afrika.

3. **VOORWAARDES**

3.1 Hierdie hele ooreenkoms is onderworpe aan die opskortende voorwaarde dat teen 31 Oktober 1988 of dié later datum waartoe die ondertekenaars hiervan skriftelik kan instem, die besluite deur onderskeidelik die Perm en Nedbank Beperk aangeneem word.

3.2 Die reg van delende aandeelhouers om te kies, waarna in 5.2 hieronder verwys word, is onderworpe aan die opskortende voorwaarde dat, teen 25 November 1988 of dié later datum waartoe die ondertekenaars hiervan skriftelik kan instem—

3.2.1 die gemagtigde aandelekapitaal van Nedbank-Groep vergroot word met R30 000 000,00 (dertig miljoen Rand) verdeel in 30 000 000 (dertig miljoen) gewone aandele met 'n pariwaarde van R1,00 (een rand) elk; en

3.2.2 die Komitee van Die Johannesburgse Effektebeurs instem om die Nedbank-Groep-aandele wat ooreenkomstig 5.2 hieronder uitgereik gaan word, te noteer.

3.3 Behoudens slegs ten opsigte van klousule 5 hieronder (wat onderworpe is slegs aan die opskortende voorwaardes wat in 3.1 uiteengesit word, en in die mate wat daarin voorsien word, aan 3.2 hierbo), is hierdie hele ooreenkoms onderworpe aan die volgende ontbindende voorwaardes, naamlik dat, indien teen die ontbindingsdatum—

3.3.1 die besluite, in soverre dit ooreenkomstig artikel 55 van die Wet verlang word, nie deur die Registrateur geregistreer is nie; en

3.3.2 die lede van Nedbank-Groep nie 'n gewone besluit aanneem waarmee die verkryging van die bates en laste van die Perm wat hieronder beoog word, goedgekeur word nie,

enige ondertekenaar van hierdie ooreenkoms dan geregtig is om binne 30 (dertig) dae na die ontbindingsdatum en na kennis aan die ander partye te verklaar dat hierdie ooreenkoms misluk het en om uit hierdie ooreenkoms terug te tree, en in dié geval is die bepalings van 5.5 hieronder van toepassing ten opsigte van vergoeding (as daar is) wat dan ingevolge die bepalings van hierdie ooreenkoms aan aandeelhouers van die Perm betaal is.

4. **VERKRYGING**

Onderworpe aan die opskortende voorwaardes en die ontbindende voorwaardes waarna daar in 3 verwys word, verkry Nedbank Beperk die hele besigheid van die Perm as 'n lopende onderneming, met inbegrip van al die Perm se bates en laste, volgens die volgende bepalings en voorwaardes:

4.1 Die hele wins en/of verlies van die Perm is met ingang van die effektiewe datum vir die rekening van Nedbank Beperk.

4.2 Bates wat by die Perm deur Nedbank Beperk verkry word, word geag teen die onderskeie boekwaardes daarvan verkry te wees, aangesien dit in die geouditeerde rekeningkundige boeke van die Perm soos op die rekeningkundige datum verskyn, aangepas om met die rekeningkundige beleid van Nedbank Beperk te strook, behoudens slegs dat onroerende goed wat op dié datum deur die Perm besit word, vir beleggingsdoeleindes gewaardeer word met die oog op die oordrag teen die markwaarde daarvan, wat vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms geag word die waardasie te wees wat deur die direkteure van die Perm daaraan toegeken is en waartoe Nedbank Beperk ingestem het of, by gebrek aan instemming, soos bepaal word deur 'n onafhanklike ouditeursfirma wat deur die dan diensdoende president van die Transvaalse Genootskap van Rekenmeesters aangestel word.

4.3 Die laste van die Perm word geag teen die boekwaarde daarvan soos op die rekeningkundige datum oorgedra te wees.

4.4 Ondanks die voorgaande, word die belastingwaardes van bates wat ooreenkomstig hierdie klousule 4 deur Nedbank Beperk verkry word, geag die belastingwaardes daarvan in die Perm se belastingrekenings soos op die rekeningkundige datum te wees.

4.5 Sonder om die wye omvang van die voorgaande in te kort, word daar geag dat die oordrag van bates en laste van die Perm se besigheid na Nedbank Beperk insluit—

4.5.1 die vervanging van die Perm deur NedPerm ten opsigte van alle kontraktuele regte en verbintenisse, asook alle delikteregte en -verbintenisse;

4.5.2 die vervanging van die Perm deur NedPerm in die gepaste hoedanigheid by alle hangende litigasie, arbitrasie of onteieningsverrigtings asook ooreenkomstig enige uitspraak of arbitrasiebeslissing òf dit vir òf teen die Perm gelewer word.

4.6 Die oordrag van bates en laste in ooreenstemming met hierdie ooreenkoms en die ontbinding van die Perm maak nie 'n verbreking of beëindiging van enige kontrak uit nie, wysig nie enige party se regte ingevolge daarvan nie of wysig nie die bepalings van enige toestemming, lisensie-owerheid, konsessie of ander reg wat by die Perm berus nie.

4.7 Alle personeellede wat soos op die ontbindingsdatum in diens van die Perm is, is na die ontbindingsdatum in diens van die Perm volgens dieselfde bepalings en voorwaardes wat op hulle onderskeie dienskontrakte by die Perm van toepassing was, op die grondslag dat die diens geag word nie onderbreek te wees nie.

4.8 In soverre enige kontraktuele verhoudings waarby die Perm 'n party is, soos op die ontbindingsdatum deur die reëls van die Perm gereël word—

4.8.1 bly dié reëls dié kontraktuele verhoudings reël totdat dit gewysig word soos hierna daarvoor voorsiening gemaak word;

4.8.2 kan enige diskresie wat ingevolge die Perm se reëls of ingevolge enige kontrak tussen die Perm en enige ander party deur die Perm of enige orgaan of amptenaar van die Perm uitgeoefen kan word, deur die direksie van NedPerm of 'n ander orgaan of amptenaar uitgeoefen word;

4.8.3 kan kontraktuele bepalings soos voormeld wat in die reëls van die Perm begrepe is, gewysig word na 1 (een) maand kennis aan die persone wat deur dié wysiging geraak word, en dié kennis moet gegee word op die manier waarvoor daar in gemelde reëls voorsiening gemaak word, naamlik deur middel van 'n besluit van die direksie van NedPerm, met dien verstande dat die onderhawige wysiging egter geoorloof sou wees indien dit deur middel van 'n wysiging van gemelde reëls uitgevoer is.

4.9 Afgesien daarvan dat die aandele van aandeelhouers van die Perm by registrasie van die besluite statutêr in vaste deposito's omskep word, word dié vaste deposito's steeds deur dié aandeelhouers gehou volgens dieselfde bepalings en voorwaardes as wat ooreenkomstig die Perm se reëls op die toepaslike klas aandele van toepassing was, altyd onderworpe aan die bepalings van 4.8.

4.10 Subskripsie-aandelekontrakte wat voor die ontbindingsdatum aangegaan word, mag volgens die bepalings en voorwaardes daarvan voltooi word.

5. **VERGOEDING**

5.1 Nedbank-Groep onderneem hiermee as 'n beding ten behoewe van die Perm en ten behoewe van elke kwalifiserende aandeelhouer en volgens die bepalings en voorwaardes van hierdie klousule 5 om 'n bedrag van R180 000 000,00 (eenhonderd en tagtig miljoen rand) in kontant as vergoeding binne die betekenis van artikel 55 van die Wet te betaal, en dié bedrag word in die verhouding van die waardes van hulle kwalifiserende aandele onder die kwalifiserende aandeelhouers verdeel. Vir die doeleindes van hierdie klousule 5 is die "waarde" van 'n aandeel die saldo wat op die rekorddatum of op die rekeningkundige datum, wat ook al die laatste is, in krediet van die toepaslike aandelerekening staan.

5.2 Enige kwalifiserende aandeelhouer wat kwalifiserende aandele ter waarde van R10 000 (tienduisend rand) of meer hou, is geregtig om skriftelik teen die rekeningkundige datum en op so 'n manier as wat deur die Perm voorgeskryf kan word, te kies om Nedbank-Groep-aandele teen 600 sent (seshonderd sent) per Nedbank-Groep-aandeel te ontvang in plaas van die ekwivalente deel van die kontantvergoeding wat ooreenkomstig 5.1 hierbo aan hom verskuldig is, op die grondslag dat so 'n kwalifiserende aandeelhouer (waarna hierna as 'n delende aandeelhouer verwys word)—

5.2.1 die keuse wat ooreenkomstig hierdie klousule aan hom toegestaan word, ten opsigte van 100 (een honderd) Nedbank-Groep-aandele vir elke voltooide R10 000,00 (tienduisend rand) se besit van Perm kwalifiserende aandele mag uitoefen teen die waarde waarna daar hierbo verwys word;

5.2.2 nie dié keuse mag uitoefen nie ten opsigte van 'n geregtigheid op minder as 100 (een honderd) Nedbank-Groep-aandele of ten opsigte van enige ander geregtigdheid op 'n getal Nedbank-Groep-aandele wat nie 'n heelgetalveelvoud van 100 (een honderd) Nedbank-Groep-aandele is nie.

5.3 Vir die doeleindes van klousule 5.2 hierbo is die waarde van kwalifiserende aandele wat deur enige persoon gehou word, die waarde van dié kwalifiserende aandele wat soos op die rekeningkundige datum ingevolge 'n enkele KIL-nommer of die totale waarde van kwalifiserende aandele wat ingevolge verskeie KIL-nommers gehou word, maar in laasgenoemde geval in die Perm se vergoedingsrekords vir die doeleindes van hierdie klousule gekonsolideer is, dws—indien sodanige persoon ingevolge meer as een KIL-nommer aandele hou—mag die aandele ingevolge verskillende KIL-nommers nie saamgevoeg word met die doel om te bepaal of so 'n persoon kwalifiserende aandele ter waarde van R10 000,00 (tienduisend rand) of meer hou nie, tensy die onderhawige persoon in besit van 'n erkenning van vergoedingsrekordaanpassing is.

